# KONINKRYKSTYD

**Augustus is Barmhartigheidsmaand en Vrouemaand**

Laai die DinkJeug Families app af. Luister, lees, gesels en bid saam.

## HUISGELOOF

## VROUEDAG

## MATT 14 EN LUK 10

### OMGEE

9 Augustus is Vrouedag in Suid-Afrika. Het jy geweet dat ons land se geskiedenis beïnvloed is deur die dapper optrede van vroueleiers? Vra iemand om jou ‘n storie uit die geskiedenis te vertel hieroor.

### DOEN

Gebruik die internet:
Vind meer uit oor die geskiedenis van Vrouedag in Suid-Afrika.
Soek vir 10 vroue in die Bybel wat leiers was en ‘n verskil gemaak het.

### GESELS

Marta en Maria dien albei vir Jesus. Die een met dade van diensbaarheid, die ander met haar teenwoordigheid.
Kan jy aan voorbeelde van elk dink in jou eie lewe?

**Lees: Luk 10:38-42**

- Waaroor was Marta besorg en bekommerd?
- Hoekom het Maria “die beste deel” gekies om te doen?
- Hoe kan ons ook meer teenwoordig wees (sonder skerms)?
- Wie benodig jou tyd?

### BID

Lees Matteus 14:22-33 wat gaan oor Petrus se dapperheid (hy loop op water na Jesus). Bid dat die Here jou ook dapper sal maak en gebruik.


DINK JEUG Families

**Laai die DinkJeug Families app gratis af:**

Google Play:

Apple iStore: